Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2025

REKENINGKUNDE V1

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye insluitend ’n formuleblad en ’n 9-bladsy antwoordeboek.

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ’n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. ’n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ’n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. ALLE bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ’n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Berekening van netto wins en Staat van Finansiële Posisie	60	45
2	Notas tot Finansiële State, Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers	40	30
3	Vertolking van Finansiële State	35	30
4	Korporatiewe Bestuur	15	15
TOTAAL		**150**	**120**

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VRAAG 1: BEREKENING VAN NETTO WINS EN STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (60 punte; 45 minute)

1.1 Kies die korrekte woord of begrip uit die lys wat die beste by elke stelling hieronder pas. Skryf slegs die woord of begrip langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Onafhanklike ouditeur; Kapitaal aangewend; Bedryfslaste; Finansiële bates

1.1.1 Beleggings soos vaste deposito oor ’n tydperk van drie jaar.

1.1.2 Spreek ’n onbevooroordeelde mening oor die betroubaarheid van finansiële state uit.

1.1.3 Totaal van Gewone Aandeelhouersbelang en niebedryfslaste.

1.1.4 Skuld wat binne 12 maande vereffen moet word. (4 x 1) (4)

1.2 **LIZZY BPK.**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2025. Die besigheid verkoop luukse elektriese items.

GEVRA:

1.2.1 **Verwys na Inligting B (i)**

Bereken wins/verlies met verkoop van voertuig. (4)

1.2.2 **Verwys na Inligting B (vi)**

Bereken die waarde van eindvoorraad van elektriese proppe deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik. (5)

1.2.3 **Verwys na Inligting A en B**

Gebruik die tabel wat verskaf word om die korrekte netto wins na belasting vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025 te bereken.
Dui ‘+’ vir vermeerdering en ‘-’ vir vermindering by elke aangesuiwerde bedrag aan. (17)

1.2.4 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2025. (30)

LET WEL:
- Sommige bedrae is in die ANTWOORDEBOEK ingeskryf.
- Bedrae word NIE in die gekleurde gedeeltes vereis NIE.
- Toon bewerkings.

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

INLIGTING:

A. Uittreksel: Saldo's en totale uit die rekords op 28 Februarie 2025:

	R
Gewone aandelekapitaal	5 800 000
Behoue inkomste (1 Maart 2024)	384 000
Vaste bates teen drawaarde	3 022 400
Handelsvoorraad	1 620 000
Debiteurekontrole	688 200
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings)	870 000
Bank (gunstig)	?
Krediteurekontrole	896 150
Lening: Lubbe Bank	640 500
Voorsiening vir oninbare skulde (1 Maart 2024)	30 450
Verkope	13 680 250
Verbruiksgoedere voorhande	60 800
Advertensies	87 200
Oninbare skulde	38 550
Huurinkomste	216 000
Direkteursfooie	665 000
Gewone aandele dividende	404 000

B. Die netto wins voor belasting, R3 825 850, is bereken voordat die volgende in ag geneem is:

(i)
- Op 1 Desember 2024 is 'n ou voertuig vir 'n nuwe voertuig ter waarde van R180 000 ingeruil. Die inruilwaarde ontvang was R125 500. Die bedrag ontvang is aangeteken maar geen verdere inskrywings is aangaande die verkoop en waardevermindering gemaak nie.

- Besonderhede van die voertuig wat op 1 Maart 2024 verkoop is:

Drawaarde	R148 000

- Waardevermindering op voertuie word teen 15% op die verminderde-saldo-metode afgeskryf.

(ii) Krediteure met debietsaldo's van R10 550 op 28 Februarie 2025 moet na die Debiteuregrootboek oorgeplaas word.
Voorsiening vir oninbare skulde moet tot 4% van debiteure aangesuiwer word.

(iii) Die maatskappy het goedere aan 'n plaaslike kinderhuis geskenk. 'n Bruto wins van R12 000 sou gemaak word as hierdie goedere verkoop is. Die maatskappy gebruik 'n winsopslag van 80% op kosprys.

(iv) Advertensies sluit 'n ses maande premie van R18 600 in wat op 1 November 2024 betaal word.

(v) 'n Debiteur wat voorheen afgeskryf is, het R4 500 via 'n EFO oorgeplaas.

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

(vi) Die volgende voorraadlys het betrekking op elektriese proppe. Dit is weggelaat toe die finale voorraadsyfers bereken is.

	Eenhede	Eenheids-prys	Totale waarde (insl. vraggeld)
Beginvoorraad: 1 Maart 2024	800		174 400
Aankope gedurende die jaar:			
Mei:	2 300	R218	501 400
September:	2 000	R220	440 000
Eindvoorraad	1 250	?	?
Voorraad teruggestuur na die verskaffer vanaf Mei aankope (terugbetaling sluit vervoer in)	100		?

(vii) Daar is ooreengekom om huur met 5% op 1 Desember 2024 te verhoog. Volgens die ooreenkoms word 'n deposito van R8 000 betaal voordat die huurder die gebou gebruik. Die deposito is ontvang maar nie aangeteken nie. Huur vir Maart 2025 is ontvang en aangeteken. Die huurooreenkoms begin vanaf 1 Mei 2024.

C. R130 000 was op 28 Februarie 2025 nog aan die SAID vir inkomstebelasting verskuldig.

D. Slegs 80% van verbruiksgoedere voorhande is gedurende die jaar gebruik.

E. Die volgende finansiële aanwyser is op 28 Februarie 2025 bereken:
- Bedryfsverhouding: 2 : 1

F. **Aandelekapitaal en dividende:**
- Die maatskappy is met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 2 000 000 gewone aandele geregistreer.
- Op 31 Augustus 2024 het die direkteure besluit om 20 000 aandele terug te koop teen R1,80 meer as die gemiddelde prys.
- Op 28 Februarie 2025 was slegs 80% van die gemagtigde aandele reeds uitgereik.
- 'n Finale dividend is op 28 Februarie 2025 verklaar.
- Totale dividende vir die jaar het R1 044 000 beloop.

G. **Lening: Lubbe Bank**
Die leningstaat wat op 28 Februarie 2025 van Lubbe Bank ontvang is, het die volgende aangedui:

	R
Saldo aan die begin van die finansiële jaar	?
Terugbetalings gedurende die jaar (insluitend rente)	289 500
Rente gekapitaliseer	79 500
Saldo aan die einde van die jaar	720 000

Die leningterugbetalingskedule sal na verwagting dieselfde bly vir die oorblywende termyn, maar 'n kennisgewing is van Lubbe Bank ontvang dat rentekoers op die lening met 6% p.j. sal styg oor die volgende finansiële jaar.

60

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS

(40 punte; 30 minute)

2.1 Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Lubanzi Beperk. Die finansiële jaareinde is 30 Junie 2025.

GEVRA:

2.1.1 Voltooi die Gewone aandelekapitaal-nota. (7)

2.1.2 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2025. Toon alle bewerkings tussen hakies. (22)

2.2 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 30 Junie 2025:

2.2.1 Bedryfsverhouding (3)

2.2.2 Dividende per aandeel (in sent) (3)

2.2.3 Voorraadomsetsnelheid (5)

INLIGTING:

A. Die volgende inligting is uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie 2025 onttrek:

Verkope	5 950 000
Bruto wins	2 700 000
Rente uitgawe	120 100
Waardevermindering	196 700
Netto wins na belasting	1 160 600

LET WEL: Die inkomstebelastingkoers is 30%.

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

B. Uittreksel van die Staat van Finansiële Posisie op 30 Junie:

	2025	2024
Vaste/tasbare bates @ drawaarde	5 445 900	5 040 600
Beleggings: Ugie's Bank	?	540 000
Bedryfsbates	**4 180 200**	**2 892 800**
Voorrade (alle voorraad)	1 120 900	970 100
Handels- en ander ontvangbares	490 700	520 600
Kontant en kontantekwivalente	944 000	119 500
Gewone aandeelhouersbelang	**?**	
Gewone aandelekapitaal (sien H.)	?	3 800 000
Behoue inkomste	956 000	871 050
Lening: Bayern Bank (12,5% p.j.)	**3 840 000**	**?**
Bedryfslaste	**1 678 900**	**1 544 700**
Handels- en ander betaalbares	1 223 000	1450 000
Aandeelhouers vir dividende	212 500	198 000
Bankoortrekking	0	419 800

C. Vaste bates op 30 Junie:

- 'n Voertuig is gedurende die jaar teen drawaarde vir R60 800 kontant verkoop. Hierdie transaksie is korrek aangeteken.
- Uitbreidings aan grond en geboue is gedurende die jaar voltooi.

D. Vaste deposito: Ugie's Bank

Een derde van die vaste deposito het op 1 Junie 2025 verval.

E. Handels- en ander ontvangbares op 30 Junie 2024 sluit 'n balans van R49 800 in wat deur die SAID verskuldig is.

F. Handels- en ander betaalbares op 30 Junie 2025 sluit 'n balans van R52 500 in wat aan die SAID verskuldig is.

G. Lening: Bayern Bank

Transaksies gedurende die jaar:
- Terugbetalings insluitend rente het R890 500 beloop.
- Rente gekapitaliseer was R475 500.

H. Gewone aandelekapitaal en dividende:

- 760 000 aandele was op 1 Julie 2024 reeds uitgereik.
- Op 1 September 2024 is 150 000 addisionele aandele uitgereik.
- Tussentydse dividende van R182 000 is op 28 Februarie 2025 betaal.
- 'n Totale bedrag van R600 000 is op 30 Junie 2025 betaal om 60 000 aandele van 'n ontevrede aandeelhouer terug te koop. Dit was 25% bo die gemiddelde uitreikprys.
- 'n Finale dividend is op 30 Junie 2025 verklaar.

40

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING

(35 punte; 30 minute)

NOBLE BPK.

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Noble Bpk. Hul finansiële jaar eindig elke jaar op die laaste dag van Februarie.

GEVRA:

Verwys na inligting A en B.

LET WEL: Waar kommentaar of verduidelikings gevra is, moet jy:
- Finansiële aanwysers en tendense met syfers aanhaal
- 'n Rede of verduideliking vir die finansiële aanwysers wat aangehaal is, gee

3.1 **Dividende, verdienste en opbrengste:**

In 2025 het die direkteure besluit om die beleid oor die verdeling van winste in die vorm van dividende te verander.

- Doen 'n berekening om die beleidsverandering aan te dui. (2)
- Lewer kommentaar oor die effek van hierdie beleidsverandering op die maatskappy. Noem TWEE punte. (4)

3.2 Die maatskappy se HUB, Iris Chris, wil goeie nuus aan die aandeelhouers deel by die AJV. Gee raad oor wat hy oor die volgende onderwerpe moet sê:

- % opbrengs verdien (3)
- Verdienste per aandeel (2)
- Aandeelprys op die JSE (4)

3.3 **Finansieringstrategieë en hefboom:**

- Lewer kommentaar oor die mate van risiko en hefboomfinansiering van die maatskappy. (6)

Die direkteure beplan om nuwe vaste bates te bekom om maatskappybedrywighede in die volgende finansiële jaar uit te brei.

- Sommige direkteure is van mening dat die aangaan van 'n addisionele lening 'n beter keuse is as om addisionele aandele uit te reik. Verduidelik waarom hulle so voel. Noem DRIE punte. (6)

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.4 **Aandelekapitaal en % aandeelhouding: Verwys na inligting B**

Lihle en Sono het besluit dat hulle hul stemme in die volgende algemene jaarvergadering (AJV) wil saamvoeg.

- Verduidelik met syfers waarom hulle hierdie besluit sou neem. (4)
- As ’n bestaande aandeelhouer in die maatskappy, verduidelik waarom jy bekommerd sou wees oor hul besluit. Noem TWEE punte. (4)

INLIGTING:

A. Finansiële aanwysers, markpryse en rentekoerse op 28 Februarie 2025:

	2025	**2024**
Winsopslagpersentasie	55%	50%
Bedryfsverhouding	2,4 : 1	1,5 : 1
Vuurproefverhouding	1,8 : 1	1,2 : 1
Solvabiliteitsverhouding	3,0 : 1	2,5 : 1
Verdienste per aandeel	112 sent	101 sent
Dividende per aandeel	60 sent	89 sent
Skuld-ekwiteitverhouding	0,27 : 1	0,5 : 1
Voorraadhoudingsperiode	41 dae	63 dae
% opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang	19,1%	12,9%
% opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend	20,2%	16%
Netto batewaarde per aandeel	675 sent	550 sent
Addisionele inligting op 28 Februarie		
Rentekoers op lening	13,0%	13,0%
Rentekoers op belegging	7,5%	7%
Markprys per aandeel	885 c	425 c

B. Uittreksel uit aandeelhouersregister:

Lihle en Sono is aandeelhouers in die maatskappy. Die volgende inligting hou verband met die aandele wat hulle besit.

	2025	**2024**
Uitgereikte aandele	2 400 000	2 000 000
Aandele wat deur Lihle besit word	552 000	420 000
Aandele wat deur Sono besit word	672 000	460 000

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR (15 punte; 15 minute)

4.1 OUDITVERSLAE

Kies die ouditmening uit KOLOM B wat die ouditverslag in KOLOM A beskryf. Skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Gekwalifiseerde ouditverslag	A	Ons was nie in staat om voldoende bewyse te verkry om vir 'n ouditmening voorsiening te maak nie. Gevolglik spreek ons nie 'n mening uit oor die finansiële state van Orion Bpk. vir die jaar geëindig nie.
4.1.2	Ongekwalifiseerde ouditverslag	B	Behalwe vir die uitwerking van die ongemagtigde HFB-reisuitgawes na Mauritius, bied die finansiële jaarstate in alle wesenlike opsigte 'n redelike weergawe van die finansiële posisie van Swiss Bpk.
4.1.3	Weerhouding van mening	C	Die finansiële jaarstate bied, in alle wesenlike opsigte 'n redelike weergawe van die finansiële posisie van Latino Bpk.

(3)

4.2 Verskillende partye sal belangstel in die finansiële state van 'n maatskappy en sy ouditmening.

- Noem enige TWEE van hierdie partye en verduidelik hoekom hulle sou belangstel. (4)

4.3 Uittreksel van 'n artikel in die *Other News*:

> Mnr. Simon Sizzle, een van die nie-uitvoerende direkteure het gesê hy is bekommerd oor die nuus dat mnr Munster, die HUB van die maatskappy by verdagte transaksies, betrokke is. 'n Ondersoek het gewys dat Mnr. Munster baie aankoopbestellings na gewone werksure gemaak het, dit was saam R4 miljoen werd. Daar word ook geglo dat die HUB van verskillende verskaffers geld teruggekry het.

(a) Verduidelik die verskil tussen die rolle wat die uitvoerende en nie-uitvoerende direkteure in 'n maatskappy vervul. (4)

(b) Verduidelik jou kommer as aandeelhouer in die maatskappy oor die HUB se optrede. (2)

(c) Watter implikasies sal dit op die HUB hê. Noem TWEE punte. (2)

15

TOTAAL: 150

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS	
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates **:** Totale laste	Bedryfsbates **:** Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste	Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang
(Handel en ander ontvangbare bedrae + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien nota 1 hieronder)	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien nota 2 hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien nota 3 hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL: 1. Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in 'n vraag vereis word. 2. Kredietaankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly). 3. Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik.	

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.